higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 3

08 NOVEMBER 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 B
1.3 C
1.4 D
1.5 A

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Openbare
2.2 Passasiervervoer
2.3 Monopolie
2.4 Passasiers
2.5 Multimodale vervoer

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 Bokkraan: 'n Toestel wat vraghouers ophys en vrageenhede ruil. 'n Bokkraan het vier bene met wiele en kan wydsbeen bo-oor spoorwegtrokke en vragmotors staan. 'n Draaisluittoestel by elke hoek pas netjies in die hoekgietstukke van vraghouers.✓✓

3.2 Koolstofdioksied: 'n Kleurlose en reuklose gas wat deur asemhaling, organiese ontbinding en ontbranding gevorm.✓✓

3.3 Naatlose aanbodketting: 'n Aanbodketting waarin die verskillende afdelings gedurig met mekaar en met kliënte kommunikeer. Omdat inligting gedurig uitgeruil word, kan die produksieproses die hele tyd verbeter word. Die einddoel is om kliënte tevrede te stel.✓✓

3.4 Vragoorplaser: 'n Toestel wat vraghouers vanaf vaartuie na vragmotors of spoorwegtrokke oorplaas. Vragoorplasers loop op 'n spoor op en af langs 'n kaai.✓✓

3.5 Vervoer is die lewensaar van verskeie ander bedrywe en gevolglik die land se hele ekonomie.✓✓

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

VRAAG 4

4.1 Lugvervoer is die vervoer van goedere per vliegtuig. Omdat lugvervoer so duur is, huiwer maatskappye om dit gebruik. Lugvervoer is egter die beste vervoermetode om produkte vinnig en betyds by kliënte te kry.✓✓ (2 × 1) (2)

4.2 Eienskappe
- Spoed✓ – Wat is die gemiddelde vervoerspoed, met ander woorde, die tempo van 'n vervoermetode?✓
- Omvattendheid✓ – Lewer die vervoermetode alle vervoerdienste?✓
- Betroubaarheid✓ – Kan daar op die vervoermetode staat gemaak word?✓
- Inhoudsvermoë✓ – Wat is die maksimumhoeveelheid wat met 'n bepaalde vervoermetode vervoer kan word?✓
- Gereeldheid✓ – Hoe gereeld kom 'n vervoermetode oor 'n bepaalde tydperk voor?✓
- Kostedoeltreffendheid✓ – Is die vervoermetode doeltreffend en produktief in verhouding met die koste daarvan?✓ (5 × 2) (10)

4.3 Twee intermodale aspekte
- Laat die koste toeneem
- Lei tot die ekstra hantering van vrag
- Kan diefstal tot gevolg hê (Enige 2 × 1) (2)

4.4
- Sakefaktore
  - Vragmotorbestuurders of treindrywers wat staak en arbeidsonrus.✓✓
  - Industrie spesifieke arbeidskwessies soos ooreenkomste wat met sektorale bedingingsrade aangegaan is.✓✓
  - Maatskappybegrotings of beperkings weens ooreenkomste, soos tendervoorwaardes, wat met kliënte aangegaan is.✓✓
- Veiligheidsregulasies✓✓
  - Omgewingskwessies en 'n maatskappy se beleid oor sy koolstofvoetspoor.✓✓
  - Die vereistes van ISO-akkreditasie en die gepaardgaande reëls en regulasies.
  - Maatskappyinfrastruktuur of die gebrek daaraan.
  - Voertuie wat onverwags onklaar raak.
- Belasting.
  - Probleme met doeaneklaring by bepaalde punte in die aanbodketting.

(Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.5 Elektroniese verkryging

- Verminder die koste van uitgekontrakteerde vervoerders✓✓
- Kies die beste vervoerders om vervoerbehoeftes te bevredig.✓✓
- Bepaal die beste mengsel van vervoerders om standaard- en golfverspreidingsbehoeftes te bevredig.✓✓
- Verminder die inspanning en tyd wat personeel aan die opstel van 'n optimale verspreidingsplan moet bestee.✓✓
- Ontleed sê-nou-netsituasies.✓✓
- Evalueer die beste kombinasie van vervoerderkortings om die maatskappy se volume teen die laags moontlike totale koste te vervoer.
- Verminder die arbeid, tyd en koste wat met die indien van botte gepaardgaan.
- Wend vervoerbates op die doeltreffendste manier moontlik aan.
- Omdat die botproses minder onseker is, is daar geen aansporing vir vervoerders om hulle tariewe te verhoog nie. (Enige 5 × 2) (10)

[34]

VRAAG 5

5.1 Lugvaartveiligheidswetgewing

- Die herroeping, konsolidasie en wysiging van lugvaartwette wat uitvoering aan internasionale lugvaartkonvensies gee.
- Die beheer oor en die regulering van lugvaart in die Republiek.
- Die stigting van 'n Suid-Afrikaans burgerlugvaartowerheid wat toesig oor lugvaartveiligheid hou.
- Die stigting van 'n onafhanklike lugvaartveiligheidsondersoekraad volgens Aanhangsel 13 van die Chicago Konvensie.
- Hoofstuk 4 van die Konvensie handel oor vliegtuigongelukke, -insidente en -funksies; die magte van die lugvaartveiligheidsondersoekraad; verslagdoening oor die ondersoek na vliegtuigongelukke of -insidente; en reëls en misdrywe.
- Hoofstuk 6, deel 5 handel oor lugvaartveiligheid.
- Hoofstuk 11, deel 1 handel oor misdrywe en strawwe.
- Hoofstuk 15 handel oor tegniese standaarde. (Enige 5 × 1) (5)

5.2 Roetebepalingsvereistes

Koste✓

Die roetes van 'n vervoerder bepaal dikwels die vervoerkoste. Hoe langer die roete, hoe duurder die vervoer. Alle ekonomies lewensvatbare roetes moet in ag geneem word, byvoorbeeld dié na en van Johannesburg en Durban, maar nie dié na en van Pofadder nie, want plaaslike vervoerdienste dek hierdie gebied.✓

Reistyd✓

As roetes beplan word, moet veranderlikes soos afstande na en van stopplekke en die wagtydperke van oorskakelings tussen vervoermetodes in ag geneem word.✓

Betroubaarheid✓
Die betroubaarheid van dienslewering op spesifieke roetes is nog 'n belangrike vereiste. Faktore soos 'n slegte padoppervlak en verkeersknope kan die betroubaarheid van dienslewering op 'n bepaalde roete benadeel.✓

Gerief✓
Wat gerief betref, moet die gereeldheid van die diens, die bedryfsure, die aantal intermodale en selfdemodaaloorplasings, die toeganklikheid, en die vervoerkoste-invorderingstelsel in ag geneem word. ✓

Gemak
Passasiers se gemak is nog een van die vereistes wat by roetebepaling in ag geneem moet word. Dit behels hoeveel passasiers saamgehok word, hoe lank die rye is waarin passasiers moet staan, hoe lank gestaan moet word sonder sitplekke om te rus, die kenmerke van die voertuig, en die beskerming van passasiers teen die elemente.


Spoed van dienslewering
Omdat die gewildheid van openbare vervoer afhang van hoe vinnig 'n diens gelewer word, is die vermindering van die tyd en energie wat passasiers bestee, 'n belangrike oorweging in vervoerbeplanning. 'n Diens kan vinniger gelewer word deur voorrang te gee aan roetes met gunstige fisieke kenmerke. Die verkeersvloei word altyd belemmer in byvoorbeeld smal straatjies met lang, steil opdraandes en min parkeerplek, en moet daarom liefs vermy word.

Verkeersbeheer
Roetes waarop die verkeer sleg of glad nie beheer word nie, sal tot verkeersknope en verskeie ander verkeersprobleme aanleiding gee. Taxibestuurders buit boonop die wetteloosheid op hierdie roetes uit tot groot frustrasie van ander padgebruikers. (Enige 4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

5.3

Diagram


Kliënt skakel besprekingskantoor of vra om te aanlyn te bespreek ✓
Doen navraag oor tyd en datum van die bespreking✓
Beskik-baar✓ Ja
Bespreking word aangeteken✓
Spesiale vereistes word aangeteken✓
Kliëntbesonder-hede word aangeteken✓
Besonderhede behels: aankoms- en vertrekdatum, prysklas, vir hoeveel persone bespreek word, en spesiale vereistes
Naam, adres, telefoonnommer, e-posadres en metode van betaling



Stel kollegas of agentskappe van die besonderhede van bespreking in kennis

(9 × 1) (9)

5.4
- Private padvervoer behels alle metodes waarvolgens sekere mense per pad vervoer word. Die vervoer is gewoonlik kosteloos.✓✓
- Openbare vervoer het betrekking op lede van die publiek wat saam vervoer word.✓✓ (2 × 2) (4)

5.5 Passasiervervoerregulasies
- Stel strukture beskikbaar om die beplanning, uitvoering en befondsing van passasiervervoer asook die wetstoepassing in verband daarmee te vergemaklik.✓✓
- Moedig die gebruik van ongemotoriseerde vervoer aan en beplan daarvoor.✓✓
- Verplig alle openbarevervoeroperateurs om te registreer.✓✓
- Vervang operateurspermitte met verlof tot goedgekeurde passasiervervoerplanne.✓✓
- Bevorder 'n stelsel waarvolgens operateurs om openbarevervoerroetes moet meeding, en implementeer die stelsel.✓✓ (5 × 2) (10)

[36]

VRAAG 6

6.1 Vaste koste is die koste wat 'n maatskappy aangaan terwyl hy nie goedere of dienste produseer nie.✓✓ (2)

6.2 Prosedure vir die terugbetaling van verstrykte kaartjies

- Terugbetaling word verwerk volgens die reisgeld op die kaartjie.
- Administrasiegelde word van alle terugbetalings afgetrek.
- Die diensgelde wat gehef word, word nie terugbetaal nie.
- 12 maande ná die datum op reiskaartjies word die bedrag waarvoor verstrykte kaartjies gekoop is, nie terugbetaal nie.
- Dokumentuitreiking. Die ekstra betaling op 'n heruitgereikte kaartjie is egter binne 12 maande terugbetaalbaar.
- In Suid-Afrika en op Mauritius sluit diensgelde BTW in.

(Enige 4 × 1) (4)

6.3 Ontruimingsreëls

- Bly kalm en volg die instruksies van die persoon wat die ontruiming behartig. Dit geld vir sowel die bemanning as vir die passasiers. Dit kan noodlottig wees as bemanningslede teenstrydige instruksies gee.✓✓
- Vroulike passasiers word gewoonlik versoek om hulle hoëhakskoene uit te trek sodat hulle vinnig van 'n bus kan afklim en wegstap.✓✓
- Die meeste busse het vloerligte wat die pad na die uitgang aanwys.
- As 'n vliegtuig ontruim moet word, moet passasiers gewys word hoe om 'n suurstofmasker aan te sit. As 'n skip ontruim moet word, moet passasiers herhaaldelik herinner word om kalm te bly en normaalweg asem te haal. Reddingsbote moenie oorlaai word nie, anders kan hulle sink. Passasiers wat 'n skip of bus ontruim, moet hulle identiteitsdokumente saamvat. Hulle bagasie moet in die bus agtergelaat word. Buspassasiers kan versoek word om by 'n venster of nooduitgang uit te klim.
- Gebruik die luik wat gewoonlik bo die middelste paadjie in die dak sit.
- Iemand wat eerste in die ry staan en te vreesbevange is om te beweeg, kan paniek saai en ander passasiers se lewe in gevaar stel. As 'n ontruiming begin het, moet bemanningslede sorg dat passasiers aan die beweeg bly.
- Loshangende klere wat aan deure of enige ander plek in 'n voertuig kan vashaak, moet voor die ontruiming vasgemaak word. Die bemanning moet passasiers help om vir 'n ontruiming gereed te maak.
- Passasiers moet versoek word om hulle koppe by die uitgang te laat sak sodat hulle nie in hulle haas om van 'n bus af te klim, hulle koppe stamp en bewusteloos neerslaan nie. (Enige 2 × 2) (4)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou